

## Ons vier die lewe van Leentie de Lange

**H**ierdie uitgawe van *Woord en Daad* word met trots opgedra aan die nagedagtenis van dr. Leentie de Lange wat sedert 2003 op die redaksie van *Woord en Daad* gedien het.

Magdalena Catharina de Lange, née Fick, is op 28 Mei 1958 gebore en sterf op 5 Julie 2011 na 'n jare lange stryd teen kanker. Rudi de Lange, haar seun wat tans aan die Teologiese Fakulteit van die Noordwes-Universiteit (NWU) op Potchefstroom verbonde is, se huldiging verskyn op p. 3 van hierdie uitgawe.

Dr. De Lange was tot enkele weke voor haar dood senior lektor in die Skool vir Kerkwetenskappe van die Teologiese Fakulteit aan die NWU se Potchefstroom-kampus. Sy behaal die grade B.Sc. (Chemie en Plantkunde), B.Sc. Honneurs (Chemie), B.A. Honneurs (Teologie), M.A. (Teologiese Etiek) en Ph.D. (Etiek) aan die destydse PU vir CHO en die latere NWU. Daarbenewens verwerf sy ook 'n HOD by Unisa. Leentie begin haar loopbaan in 1979 as navorser by die Departement Farmakologie van die PU vir CHO en bekleed in die daaropvolgende jare verskeie poste aan universiteite, skole en die destydse Potchefstroomse Onderwyskollege. As navorser publiseer sy artikels in nasionale en internasionale vaktydskrifte en lewer voordragte op plaaslike en internasionale kongresse. Haar nagraadse studente onthou haar as 'n inspirerende studieleier en het die grootste respek vir haar grondige vakkennis en haar vermoë om hulle tot optimale prestasie te lei. Haar insette as artikelkeurder by vaktydskrifte soos *South African Journal of Education*, *Koers* en *In die Skriflig* het 'n besondere bydrae gelewer tot die akademiese kwaliteit van hierdie tydskrifte en is meestal deur skrywers as waardevolle raad aanvaar. Ook op die redaksie van *Woord en Daad* het Leentie besondere insette gelewer wat getuig van kennis, kundigheid, wysheid en deernis.

Ek onthou die *Woord en Daad*-vergadering in Junie 2011. Sy het langs my kom sit en ek het gevra hoe dit met haar gaan. Haar antwoord was: "Die gees is lewenslustig en gesond, maar die liggaam wil nie meer nie." Ons sou saam werk aan die volgende uitgawe van *Woord en Daad* en sy was vol entoesiasme, het verskeie voorstelle gemaak; ons het 'n afspraak gemaak vir 'n verdere beplanningssessie – 'n afspraak wat sy nooit sou nakom nie, want sy is ongeveer 'n week later in die hospitaal opgeneem en het kort daarna tuis gesterf.

Die doel van hierdie uitgawe is om Leentie de Lange se lewe en werk te vier deur hoofsaaklik artikels te plaas oor haar spesialisterrein, die Christelike etiek, asook artikels wat deur hulle boodskap aan haar vreugde sou verskaf het.

In twee artikels deur prof. H. Jochemsen val die klem op Christelike etiek en die toepassing daarvan op die mediese wetenskap. Jean du Toit gebruik die metafoor van goeie en slegte appels om te besin oor besigheidsetiek en die rol van die werknemer binne 'n besigheid. Omgewingsetiek as deel van omgewingsfilosofie en die verantwoordelikheid van die huidige menslike geslag teenoor die nageslag kom onder die vergrootglas in I.J. van der Walt se artikel oor omgewingsetiek. "Om in die lig van die Skrif goeie besluite te neem oor 'n etiese probleem, moet daar goeie Skrifverklaring en goeie etiese riglyne bestaan", skryf prof. Riaan Rheeder in nog 'n artikel waarin die soeklig op professionele etiek val. Die toemende gebruik van geneties gemanipuleerde voedsel en die gevare daaraan verbonde, vorm die basis van dr. Odile Lim Tung se artikel "The South African regulatory framework on genetically modified organisms". Klaus P. Klein se bydrae sentreer rondom die praktiese aanwending van sonenergie – dit is die eerste van drie artikels oor hierdie onderwerp. In hulle artikel getiteld "The

role of Peace Parks Foundation in trans-frontier conservation” sit die Vredesparkstiging die konsep van oorgrensparke en die noodsaaklikheid daarvan vir verskeie bewaringsverwante projekte uiteen.

Samevattend gestel, word in hierdie uitgawe besin oor die uitleef van 'n Christelike etiek op verskeie terreine van

die lewe. Die fokus val onder andere op die mediese praktyk, die werkplek, interpersoonlike verhoudings, verantwoordelike en verantwoordbare omgang met die natuur en die benutting van godgegewe gawes soos sonlig in 'n poging om deur die gebruik van skoner energie tot die bewaring van ons planeet by te dra.

**Marlies Taljard**  
**Uitgaweredakteur**

**WOORD & DAAD** op die internet! /  
**WORD & ACTION** on the internet!

[http://www.journals.co.za/ej/ejour\\_woord.html](http://www.journals.co.za/ej/ejour_woord.html)

Gebruikersnaam en wagwoord kan aangevra word by:

UserID and password can be obtained from:

Erika.Otto@nwu.ac.za

## Leentie de Lange: 'n lewe van genade en dankbaarheid

**D**aar bestaan in vandag se wetenskaplike wêreld en samelewing dikwels die wanpersepsie dat 'n mens wetenskap en geloof, veral as dit kom by ons verstaan van die wêreld rondom ons, van mekaar moet skei. Soms word so ver gegaan om te beweer dat die mens sukkel om die wetenskap en die Woord te "versoen", asof dit twee uiterste teenstrydighede is.

Die moderne mens fragmenteer dikwels sy verstaan van die werklikheid deur onderskeid te probeer tref tussen dit wat hy kan *sien* of *bewys* en dit wat hy *ervaar*. Hierdie vervreemding tussen die natuurlike en die bonatuurlike is deur die sogenaamde hoër kritiek van die negentiende eeu veroorsaak en is vandag ongelukkig nog sigbaar, ook hier in ons land en toenemend onder die jongmense. Dit word al hoe belangriker vir Woordbedienaars en gelowige wetenskaplikes om die klem weer daarop te plaas dat wetenskap sowel as Woordverkondiging erken moet word as middele van Godsopenbaring.

Die tema van die natuur se bydrae tot Godskennis strek regdeur die Skrif. God beroep Homself op sy skeppingswerke as Hy Homself aan die mens bekend wil maak in Job 37-42 en in 'n hele aantal gedeeltes in Jesaja 40-66, om maar net enkele verse te noem. Die twee groot Skrifgedeeltes waarop die gereformeerde belydenis oor Godskennis egter berus, is Psalm 19 en Romeine 1:18-32. Tog moet ook gelet word op Christus se woorde in Johannes 17:3 waar Hy die Ewige Lewe definieer: dat ons God sal *ken* en Jesus Christus wat die Vader gestuur het, sal *ken*. Hierdie onverwagse klem so vroeg in sy gebed verdien besondere aandag. Johannes self lê verder klem op Jesus as die Vleesgeworde Godsopenbaring in hoofstuk een van sy eerste brief, en die Hebreërbriëfskrywer begin sy brief ook soortgelyk.

Ten spyte van hierdie fundamente van die belydenis oor Godsopenbaring, wil dit tog voorkom asof die moderne gelowige dikwels homself verplig om te sê "Ek is vir Paulus", "Ek is vir Apollos", of "Ek is vir Seffas" in die sin dat hy sê: "Ek is vir die *Skrif* as openbaring", "Ek is vir die *natuur* as openbaring", of "Ek is vir *Christus* as openbaring". Veral wanneer gelowiges met probleme gekonfronteer word, hetsy sosiaal, wetenskaplik of geestelik, neem hulle gewoonlik een van hierdie standpunte in. Die gevaar is dat hulle standpunt inneem vir 'n *uitsluitlike openbaring* tussen die drie en sodoende die gesag van die ander twee ondermyn.

Die implikasies wat hierdie stand van sake vir 'n verantwoordbare Christelike etiek en vir verantwoordelike etiese besluite deur gelowiges inhou, is potensieel baie groot. Dit word al hoe moeiliker vir die moderne Christen om interdissiplinêr-verantwoordbare keuses uit te oefen. Dit is veral op 'n groter bewuswording van hierdie problematiek en uitdagings vir gelowiges, predikante en die kerk in die breë waarop my oorlede moeder in haar onderrig- en navorsingswerk gefokus het.

Ek onthou van kleintyd af hoe sy vir ons vertel het dat sy altyd, soos menige plaasmeisie, 'n veearts wou word. Soos dit egter beskik was, het sy eers 'n algemene B.Sc.-rigting ingeslaan, met Chemie en Plantkunde as hoofvakke (1978). Sy het 'n Honneurs in Chemie (1981) behaal, en was 'n jong navorser by die Departement Farmakologie van die destydse PU vir CHO (1979-1982). Nadat sy vir 'n jaar Chemie aan die Universiteit van Pretoria doseer het, het sy met 'n HOD (1986) na Potchefstroom teruggekeer as onderwyseres in Natuur- en Skeikunde. Na 'n aantal baie gelukkige jare in die onderwys is sy na die voormalige POK gesekeundeer met die doel om Wetenskap- en Biologieonderwysers op te lei (1997-2001).

Ná haar diagnose met borskanker in 1997, het sy begin om haar dieper in die Teologie in te graawe. Ek het altyd groot bewondering daarvoor gehad hoe sy haar siekte probeer verstaan en hanteer het – nie slegs uit die *wetenskap* nie, maar ook deur die *geloof*. Hierin het sy 'n besondere voorbeeld gestel in haar verstaan van God se almag en haar aanvaarding van God se weë met die mens.

Sy het 'n tentamen afgelê waarna sy toegelaat is tot 'n Honneurs B.A. in Teologie. In 2002 het sy haar M-verhandeling, *Natural science and Christian theology: relation and analogies*, ingedien. Sedert haar aanstelling aan die Fakulteit Teologie as dosent in Etiek (2006) het sy haarself al dieper in die veld van die Bio-etiek ingegraawe. Sy het uiteindelik haar doktorsale proefskrif, *Meta-theoretical frameworks and theological ethics: bioethical decision-making from a reformed perspective*, voorgedien vir die graad Ph.D. in Etiek wat sy op 20 Mei 2011 verwerf het. Sy is op 5 Julie 2011, ná veertien jaar se saamleef met 'n verswakkende liggaam, oorlede. Die vrede wat sy gehad het oor wat met haar aan die gebeur was, was merkwaardig: volle berusting in en afhanklikheid van haar Skepper.

Haar veelkleurige loopbaan getuig van 'n onvermoë om een aspek van die skepping uit te sonder as 'n gunsteling belangstellingsveld. Haar akademiese geskiedenis strek oor die wye gebied van Chemie, Dierkunde, Plantkunde, Fisika, Evolusie-teorie, Biochemie, Genetika, Sistematiese Teologie, Wetenskapsleer en Filosofie van die Wetenskap, en laaste, maar hoege-naamd nie die minste nie, Etiek en Bio-etiek. Die hoofdoel van haar teologiese studie was om dankbaarheid te betoon vir die genade wat sy ontvang het. Dit het sy

dikwels raakgesien wanneer mense rondom haar soms daarvoor blind was. Sy was geseënd met 'n besondere "sig" en insig.

Die natuur het sy op 'n dieper manier geniet en waardeer; dit is op 'n besondere unieke wyse in selfs die kleinste alledaagshede weerspieël soos haar groot liefde vir musiek, tuinmaak en die skilder van voëls met waterverf – 'n stokperdjie waarvoor sy die laaste jaar baie lief geword het.

Die liefde vir die natuur (van die tuin by die huis, tot die Bosveld, berge en see) en alle lewende dinge rondom haar was een van die eerste eienskappe waarvan ek bewus geword het (ek en my jonger broer het baie goggas onder haar toesig bekyk toe ons klein was). Hierdie liefde vir die natuur was 'n liefde wat na haar beroep oorgespoel het. By 'n terugblik, dink ek sy was besonder dankbaar hiervoor, en ook besonder dankbaar vir die geleentheid en roeping wat haar gegun was om mense se aandag op die openbaring van die Skepper deur sy skepping te vestig.

Haar afwesigheid laat 'n onbeskryflike gaping in ons lewens, maar haar bydrae tot die interdisiplinêre bewusmaking en die brûe wat sy tydens haar loopbaan tussen die Wetenskap en die Teologie gebou het, vul 'n groot behoefte ten opsigte van vrae wat die laaste paar dekades in praktiese probleemoplossing tussen hierdie twee dissiplines ontstaan het. Ons is dankbaar vir die erkenning wat aan haar bydrae verleë word met hierdie uitgawe van *Woord en Daad*.

**Rudi de Lange (oudste seun)  
namens Attie (eggenoot) en  
Dieter (jongste seun)**

# Christian ethics as a reflection on creation and revelation

H. Jochemsen  
Christian Philosophy, Wageningen University

## Ethics under discussion

**W**e live in a time of global crises. In addition to the financial and economic crisis, that is not felt everywhere to the same degree, there is an increasing global competition with respect to the access and acquisition of sources of energy and of other natural resources to food and fresh water. In several countries this competition is leading to a crisis, e.g. in food security because of increased price levels. In many countries ideological and religious differences are leading to violence and insecurity for many people (to a large extent in the Muslim world but also in East DRC).

More than ever it is required that both at a local and at a global level we learn to cooperate and share, get a good understanding of the limits of our planet and deal with them in a wise way. What is required is a view on what is a good life. This is a question that is dealt with in the fields of ethics and religious studies. In all the turmoil of our time it may seem that religion is playing a divisive role. Some argue that we should leave religion completely out of the picture. But is that possible, or is that a view that in itself is an expression of a certain worldview if not a "religion"?

That we desperately need a broad ethical reflection that will cross the boundaries of religions will be clear in view of the gigantic problems we are facing as a global community. However, this is not the same as requiring a denial or even repression of religion and religious differences.

In this article I will put forward a view on ethics that is informed by a Christian worldview but at the same time leaves

space for different worldviews/religions by also referring to normative structures in creation that could establish some common ground.

**More than ever it is required that both at a local and at a global level we learn to cooperate and share, get a good understanding of the limits of our planet and deal with them in a wise way.**

## Ethics, culture and religion

The term *ethics* (and the related concept of *morality*) refers to a certain experience, a moral experience. We all know moral experience. We experience indignation when we are treated unjustly. We know the experience of "doing the right thing" and of certain things which are "not the done thing". We constantly apply certain rules to our own actions and those of others to which we want to adhere, and to which we want others to adhere. Not all these rules, or norms, are of an ethical nature. A car mechanic servicing a car does so according to particular technical norms. An apprentice car mechanic who does not as yet know these norms, is not (yet) a good mechanic, but is able to behave correctly in moral terms. However, a car mechanic who, in order to boost his income, performs an incomplete service yet charges the customer the full price may be a good mechanic in strictly technical terms, but acts in an ethically reprehensible manner. Ethical norms are a specific kind of norms as opposed to a diversity of other norms.

Ethics refer to good and evil, to what we should, or should not do, to what is, or is not, justifiable. Ethically correct conduct is concerned with respect and consideration for people and things. It is characterised by care and love that want to do justice to the uniqueness of the other person, of things and of institutions.

**An ethically correct conduct is concerned with respect and consideration for people and things. It is characterised by care and love that want to do justice to the uniqueness of the other person, of things and of institutions.**

Moral experience is generally related to people. There are stark differences between the moral norms people adopt, between different cultures, and also within cultures like the modern Western culture. This evokes the question from where norms originate and on what people base their ethics. In this age of cultural change and intercultural exchange, it seems a good idea to choose culture as a starting point for the discussion of this question.

The human being is firstly, a cultural creature – which entails more than many people realise. A person does *not have* a culture, but human life *is* culture personified. That means that the very fabric of a person's life is made from the complex entirety that we summarise as culture.

Secondly, the human being is a religious creature. In this context, religiosity can be seen broadly as a human characteristic, namely as concerning what human beings consider to be determining reality. In my view, man is a religious creature in that a person is not fulfilled in himself, but searches for security and meaning outside of his personal existence in itself. Mankind looks for a framework on the foundation of which it can interpret reality and life, and can (try to) make sense of it. This interpretative framework also pertains to

the vulnerability, suffering and death of human beings.

This striving is embedded in a setting of the deepest, ultimately religiously determined convictions that are dominant in culture, society and individuals. Culture gives shape to this striving in institutions, customs and unwritten rules and in the shaping of its living environment. Culture and religion are very closely related. On the one hand, culture can be understood as religion made visible (where religion is still seen as broadly anthropological as described above). On the other hand, culture offers religion the “material” to manifest itself, not just in typically religious rituals, but also in everyday life that is realised from the deepest religious and worldview convictions and directive images. Besides, the human being is not just the fruit of his ancestors and culture (“nature and nurture”), but also an active creature who reacts to stimuli and threats, possibilities and challenges coming at him from the environment and with which he deals in a certain manner. Humans respond to the call of their concrete social and physical environment. But that response gets direction from that which, or Him Who, is seen as determining reality and makes use of the possibilities and materials that the culture offers them.

Because that response, i.e. the particular, conscious manner of relating to and dealing with the surrounding reality, is so characteristic for humanity, humans cannot fail to respond. Every shaping of life can be seen as a response and also as a message to others. Humans cannot *not* communicate. The way in which human beings respond as well as the message that each of their lives communicates, are unique. Different religions have led to very different responses and hence to different cultures.

**Mankind looks for a framework on the foundation of which it can interpret reality and his life, and can (try to) make sense of it.**

The argument above implies that every position concerning ethics and morality is informed culturally and deeply religiously (in a broad anthropological sense), and therefore never neutral. The liberal view that pretends to take the position of a spectator from which one would be able to judge religions and their meaning in today's ethics, in itself is a religiously determined rather than an objective outsider's position. Such an independent position regarding religious and philosophical approaches to life is not possible. Where people pretend that it is possible, they are in fact trying to impose their own approaches and criteria on others. Hence the argument that in modern culture Christianity can only be meaningful to our subjective experiences and can no longer be a source for obtaining true knowledge concerning our reality, nor be a guideline for our actions because science and technique have usurped these functions, is in fact an expression of a "secular" religion.

**Every position concerning ethics and morality is informed culturally and deeply religiously and is never neutral.**

Based on the above I want to draw two preliminary conclusions, which are of importance to the continuation of this argument. Firstly it is clear that ethics is concerned with life as a whole. It does not so much concern one sector of life beside others, but a particular aspect, a certain manner of viewing human actions. Secondly ethics is not limited to the weighing up of different interests or the search for solutions to *moral dilemmas*. Ethics is not only involved in situations of difficult decision making, it considers and reflects on the response of people and communities from a viewpoint of care for people and things.

### **Ethics and revelation**

We see that human beings in their lives necessarily respond to their situation and that they do so inspired and informed by their interpretative framework. A question

that remains open in this argument so far is: Does it matter how man responds? Is every response good, or equally good?

From the argument so far it will be clear that answering this question cannot be done from an objective, neutral position. The response a person or a community gives can only be justified in the light of what that person or community considers to be determining reality. Even the ethical norms and values pursued in that response can ultimately only be justified from the religion and culture which give direction and form to that response.

The same applies to the Christian faith which came into existence as a response to encounters of people with God. Firstly God revealed Himself in history to the patriarchs, to Moses, to Israel and to the prophets. Secondly there is his revelation in the Scriptures bearing witness of God's actions in history including his decisive revelation in his son, Jesus Christ. Finally God has revealed Himself in the history of Israel and the Christian church. In brief, God directly reveals Himself in his Word and in the history of his people. But in a more general way humans may also relate to God in the created world, which is the work of God's hands, originally made as giving form to his thoughts in a "perfect, unspoiled order". Hence, Christian ethics that reflects on a morally good response of people in the light of God's intentions, has God's Word, (human experience in) history and creation as its sources. These are not of equal value. The Word is first and authoritative. We cannot on our own account correctly interpret God's Word, creation and history (cf. Rom. 1:18-23; 10:17; 1 Peter 1:23). Enlightenment and renewal of our hearts and minds is necessary. The Holy Ghost brings that through the Word.

It is good to realise that the Word of God comes to us in a historically and culturally determined shape. The stories told in the Bible concern a particular culture and are written in a particular language. This does not mean that the meaning of the gospel is restricted to a particular culture. The content of God's Word surpasses every culture and at the same time applies specifically to every culture. But God takes human existence so seriously that He reveal-

ed Himself in historically and culturally determined forms and histories. That makes it so obvious that the Word needs to become relevant in our lives in historically and culturally determined forms and contexts, which does not mean that those forms are arbitrary. God's will as embodied in created reality also requires a human response. Since getting to an understanding of this given normativity is of eminent importance in this day and age, I want to look at it more closely.

**The content of God's Word surpasses every culture and at the same time applies specifically to every culture. God revealed Himself in historically and culturally determined forms and histories.**

### Creation's laws and institutions

God put lots of arrangements in place in creation. The rhythm of day and night and the seasons, with their consequences for nature, is very clear (Ps. 147). Plants and animals are created after their own kind (Gen. 1; 2:10-18; Ps. 104). The heavenly bodies follow their God-given trajectories (Is. 41:25, 26; 45:12). There are many more examples. In fact, every systematic study of reality and not just modern science is only possible because there is an order. Understanding and explaining phenomena happens by indicating an arrangement, a pattern, a rule, a structure fulfilling a particular function. To the Christian this observation and experience of order refers to the original creative work of God. At the same time, in nature we also very clearly find the consequences of evil and sin. It is obvious from the Scriptures that the laws, of whatever nature, have no independent existence apart from and certainly not opposing God's will.. They are like "God's thoughts" concerning creation. The whole of creation and its order has its existence and cohesion ultimately in the Son of God (Heb. 1:3; Col. 1:15-17). In Him lies

the unity of the revelation of the Word and of the revelation of creation (Joh. 1:1-3) and also the connection between the revelation of the Word and history because eventually He turns history into His story of salvation, resulting in a complete revelation of the kingdom of God (Matt. 28:18-20; Rev. 5:1-5).

The laws of creation are not only concerned with material reality. We also see laws in the psychical, social and public life of man, however variable and flexible. Man was created in relationships and can only be human through relationships. But also in the field of relationships and social institutions we need norms. Here, too, through creation, God addresses human beings in their responsibility. Man's response to that appeal from the laws of creation includes thus the shaping of social institutions, as forms of God's kingship over the whole of existence.

**The whole of creation and its order has its existence and cohesion ultimately in the Son of God.**

Consider the, until recently, very generally accepted laws of marriage and family, church, government (or state) and labour, and the use of (a form of) technology. Besides these there is a multiplicity of social structures in different historical and cultural contexts. In the way these social structures like all kinds of practices and institutions, e.g. education, farming, care giving, management, exercising justice, public policy, et cetera are shaped, we can identify a response to normative notions observed in created reality. It is important to distinguish between the appeal made to mankind from the normative structures on the one hand, and the shaping and realisation of those structures in a certain concrete historical situation on the other hand. This historical shaping must not be identified with the moral structure itself. The order is not rigid or static. They are directive ideas which are given shape in every historic situation. For example, consider the difference between a marriage in the old Israel and the modern Netherlands

which both are a positive realisation of a creative structure. Christian ethics needs to pay attention to a sense of discomfort regarding certain social contexts or laws in a specific historical situation; the historical shaping of a normative structure may not be adequate any longer, but this does not mean that the underlying structure is no longer valid.

**The fall of mankind into sin, implying a rupture in the relation with God, made it difficult to understand and positively shape the normative structures of created reality. Revelation through the Word and enlightenment by the Holy Spirit are crucial for a correct view on God's intentions for life.**

The fall of mankind into sin, implying a rupture in the relation with God, made it more difficult to understand and positively shape the normative structures of created reality (Gen. 3). Reality no longer displays the unspoilt order that can inform the historic shaping process. Revelation through the Word and enlightenment by the Holy Spirit are crucial for a correct view on God's intentions for life. Positive realisation of God's indications in contexts and institutions has also, partly, gained a different character. Institutions are now no longer just a response to order in creation, but also a response to the consequences of the fall, implying that one of their functions is to resist evil. Consider for example the government and marriage which not only give form to positive structures in creation, but are also institutions to refrain evil. Opposing injustice can also be a manifestation of God's kingship in this broken world. Anyway, the normative structures in creation should be taken into account in pursuing a life as the Creator intended it and their positive realisation serves the development and growth of life and culture.

## Law and existence

The acknowledgement that a meaningful and normative order which precedes human existence and culture is really at work, is crucial to Christian ethics. On that point Christian ethics directly oppose the dominant worldview and morality in (post)-modern culture. The history of Western culture shows a turnaround on this point. European culture remained a religious culture well into the Middle Ages, just like most other cultures. A historic form of Christianity stood central, affected and often malformed by traditional animistic religious influences. Christianity brought a certain view on normative structures as discussed above.

**Reality is no longer seen as a valuable creation, but an accidental entirety which is granted value subjectively by mankind.**

During the course of the European Middle Ages a different attitude towards the reality developed relating to the rise of modern science and technology. Although modern science owes a lot to the Jewish-Christian belief in creation and the Greek philosophy on orders, it has moved on from both. Through studying reality the scientific method filters out the given order and contexts and only observes functional relationships between objects that are considered to lack normativity. Visible reality is thus disconnected from spiritual and moral reality. The scientific-technological approach has influenced modern mankind into viewing the world as value-free raw material to be used in the construction of a world with the assistance of modern technology according to its own views. This has led to much good, but not without new problems. By ignoring their methodical restrictions, science and technology have become carriers of the modern autonomy approach in which the whole of reality is nothing but an instrument for satisfying human needs. Reality is no longer seen as a valuable creation, but, at least in first instance, an

accidental entirety which is granted value subjectively by mankind.

**Where ethics do play a role in politics and society, it often is not in the form of generally valid ethical values and normative structures, but rather of subjective concerns which represent the interests of certain groups of people.**

It is important to realise that this shift does not just manifest “wrong ideas” of people; it manifests a different experience of reality. Most people no longer experience a living relationship between culture and God, and between God and mankind. Modern man, who has lost the connection to the laws, the Torah in creation, no longer acknowledges nor just accepts that God’s Torah serves the flourishing of life. The same applies to social relationships and contexts. As a consequence of (post)-modern man’s loss of the content of the Christian religion in life, the positive realisation of normative structures in meaningful institutions has become increasingly difficult. Furthermore existing realisations of those normative structures are more and more experienced as a hindrance rather than a help to “the good life”. Modern and postmodern experience has (almost) lost the ability to grasp the notion of given normative structures. Ethical values and virtues like faithfulness, concern and self-sacrifice as well as assertiveness, justice and wisdom, are subjectivised into interests and when it comes to a conflict, each person serves his own interests. In my view, this development is

the real background to the crisis in ethics and morality, which is reinforced by the fact that the complexity of the modern technological culture has obscured the relationship between on the one hand, the actions aiming directly at the goals, and on the other hand, the unforeseen and unexpected side effects of such actions.

New technological possibilities are often exploited with a view to immediately experienced benefits for some or even many people. In the longer term the disadvantages become obvious, which are often more diffuse and which do not damage the interests of influential groups, and therefore are not really addressed. In this context we can think of environmental damage done by developments in industry, mobility and agriculture. These did not add weight to the policy making until a strong environmental and animal-lobby was established, and it became clear that unrestricted growth of industrial production has such great disadvantages that more and more governments have become to regulate production processes, e.g. with respect to the release of poisonous substances into the environment. Where ethics do play a role in politics and society, it often is not in the form of generally valid ethical values and normative structures, but rather of subjective concerns which represent the interests of certain groups of people. The loss of a view on the common good has turned democracy more and more into a arena of struggles between interest groups. An important task of Christian ethics is to argue the plausibility of the existence of norms that relate to the very structure of creation, the Torah.

# Jesus se lig vir etiese besluite: 'n Christologiese liefdesetiek

R. Rheeder

Fakulteite Teologie, Potchefstroomkampus, Noordwes-Universiteit

## Inleidend

Om in die lig van die Skrif goeie besluite oor 'n etiese probleem te neem, moet daar *goeie Skrifverklaring* en *goeie etiese riglyne* bestaan. Die vertrekpunt van hierdie populêre artikel is dat die Skrif aandui dat *liefde* tot die wese van Christelike Skrifverklaring en etiek behoort. Liefde kom regdeur die Bybel voor, maar is op geen plek so sentraal soos in die denke van Jesus nie (vgl. Matt. 22:37-40; Mark. 12:28-34; Luk. 10:27-37). Paulus was ook getrou aan die tradisie van Jesus (Gal. 5:14). Sowel Jesus as Paulus sluit aan by die profetiese tradisie dat liefde tot God en liefde tot die naaste die sentrale boodskap van die Bybel vorm (Miga 6:8). Die rede waarom die liefde so 'n belangrike funksie in die Christelike etiek opneem, is omdat God se liefde deur die verbondeling na sy naaste stroom (1 Joh. 4:7-12). In 'n sekere sin hang die vloeï van God se liefde af van die verbondeling se gewilligheid om die vloeï toe te laat. Op die vraag hoe ons die Skrif moet verstaan, antwoord Jesus dat die verklaarder die Bybel deur die liefde moet filtreer. Die antwoord op die daaropvolgende vraag, "wat behoort ek te doen", is eenvoudig: "wat die liefde my lei om te doen".

**Op die vraag hoe ons die Skrif moet verstaan, antwoord Jesus dat die verklaarder die Bybel deur die liefde moet filtreer.**

## Jesus en Skrifverklaring

In die Christelike geskiedenis gebruik heelwat geleerdes die woorde van Jesus in Matteus 22:34-40 as 'n duidelike pleidooi vir die gebruik van liefde as maatstaf in Skrifvertolking. In vers 40 maak Jesus die uitspraak dat "aan hierdie twee liefdesgebooie hang die hele wet en die profete". Die Griekse woord vir *hang* in vers 40 druk 'n verhouding van afhanklikheid uit, waar een saak (die verstaan van die Skrif) van 'n ander saak (die liefde) afhanklik is. In die lig van die liefde word die lig of betekenis van die Skrif duidelik. Indien die uitspraak in Matteus 22 die eenheid en doel van die Skrif uiteensit, word aksiomaties daarmee die hermeneutiese reël gestel dat die hele Skrif geïnterpreteer (of gefilter) en toegepas word in ooreenstemming met die dubbele liefdesgebood. In die lig van bogenoemde beredenering kan beweer word dat die liefdeskeuse as hermeneutiese reël deur die Skrif self en in die besonder deur Christus gemaak word. Hierdie tipe Skrifverklaring beteken heel waarskynlik iets soos wat die Rabbynse skrifverklaarders toegepas het, naamlik dat enige interpretasie van die Skrif wat haat stook of die medemens verag, ontoelaatbaar is. Goeie vertolking van die Skrif sal egter noodwendig tot liefde vir die medemens lei en enige spanning tussen mense verwyder. Dieselfde beginsel kan ook verduidelik word deur middel van 'n kort verhaal. Dit word vertel dat 'n heiden eendag aan Rabbi Hillel gestel het dat hy hom tot die Joodse geloof sal bekeer indien die Rabbi aan hom die hele Torah kan verduidelik terwyl hy op een been staan. Hillel het geantwoord: "Moenie aan ander doen wat jy haatlik vind nie. Dit is die hele Torah en die res van die Torah is slegs kommentaar hierop." Die Skrif moet so verklaar word dat dit die liefde van God

openbaar en die liefde tussen mense bevorder. Enige interpretasie van die Skrif wat nie tot liefde vir God en die naaste lei nie, moet “herlees” (Augustinus) word tot dat die boodskap van liefde daarin duidelik word.

In die lig van bogenoemde beredenering vertolk Jesus die Skrif soos volg (en hieruit kan twee liefdesriglyne afgelei word wat in die etiese beoordeling van ’n saak gebruik kan word):

- **Liefde offer soms een waarde**

Om God lief te hê, beteken sonder twyfel dat sy gebooië (tien gebooië, wette, wil) nagekom moet word (1 Joh. 5:3). Alhoewel die nakoming van die wet vir Jesus belangrik is (Matt. 5:18), word gevind dat Jesus nie ’n verabsoluteerde benadering tot etiese handeling volg nie. Liefde noodsaak soms uitsonderings. In die tyd van Jesus het die wet arbeid op die Sabbatdag verbied en gelowiges het ook geweet dat hulle eredienste op die Sabbatdag moet bywoon. Ons weet dat Jesus die Sabbatdag gerespekteer het, maar onder sekere opstandighede het Hy wel op die Sabbatdag gewerk (Mark. 3:1-5). Hieruit kan ons aflei dat Jesus geen spanning tussen die wet (wat is ek verplig om te doen) en liefde (wat lei die liefde my om te doen) gesien het nie – spesifiek waar menslike behoefte ter sprake was. Soms is dit nodig om een waarde (Sabbatswet) vir ’n ander (groter) waarde op te offer (menslike behoefte). Jesus sê self: “Die Sabbatdag is vir die mens gemaak en nie die mens vir die Sabbatdag nie.” (Mark. 2:27.)

- **Liefde pas die wet soms aan**

Liefde dwing by tye die verandering (of ignorering) van ’n bepaalde wet af. So word gevind dat die wet in Deuteronomium 24:1 aan die man volstrekke reg gee om van sy vrou te skei. In Jesus se tyd het dit tot groot nadeel vir die vrou gelei, omdat die vrou geheel en al van manlike versorging afhanklik was. Dit het beteken dat met egskeiding niemand vir die vrou kan sorg nie en dat sy ook geen middele het om haarself te versorg nie. Jesus het die vorige wet geïgnoreer en ’n nuwe wet,

gerig op liefde, in sy plek gegee (Mark. 10:2-12).

### Jesus en etiese riglyne

Etiese riglyne of maatstawwe is waardevol in dié sin dat dit kan verhoed dat besluite op die basis van selfsug geneem kan word en sodoende die mens teen onbehoorlike beïnvloeding, emosies en tirannieke Skrifverklaring beskerm (vgl. Mark. 7:9-13). Dat die liefde ’n besondere deel van die etiek van Jesus was, is af te lei uit Jesus se Skrifvertolking, asook uit sy bediening op aarde. “Daar loop ’n merkwaardige lyn deur Jesus se lewe en bediening” (Adrio König). Hoe verstaan Jesus liefde in sy Naam (of Christelike liefde)? Anders gestel: watter riglyne (vertolking of instrumente van liefde) bied Jesus aan as sy siening van liefde? Die volgende Christelike riglyne help die gelowige in die beantwoording van die vraag waartoe die liefde ’n mens in ’n bepaalde situasie lei.

**Jesus het geen spanning tussen die wet (wat is ek verplig om te doen) en liefde (wat lei die liefde my om te doen) gesien nie. Soms is dit nodig om een waarde (Sabbatswet) vir ’n ander (groter) waarde op te offer (menslike behoefte).**

### Liefde is mensgerig

- Liefde poog om daadwerklik dit wat goed is vir alle ander mense te bewerk (Matt. 5:48; Luk. 6:35; 10:25-37). Jesus verstaan dat liefde ’n onselfsugtige kommer is oor die welsyn van die ander mens (Mark. 12:31). Jesus het veral ’n besondere bekommernis gehad oor weerlose mense in die samelewing (Luk. 4:18-19).
- Liefde mag nie haat nie, want haat bring skeiding tussen mense (Matt. 5:43); daarom is vergifnis en die bewerking van versoening deel van die

goeddoen aan ander mense (Matt. 6:12-14).

- Liefde beteken 'n definitiewe medelye (*compassion*) vir die mens. Dit impliseer 'n doelbewuste poging om verligting in 'n situasie van behoefte te bring (Luk. 10:27-37).

Saamgevat beteken liefde die rasonele, doelbewuste aanvaarding van verantwoordelikheid vir die ander mens.

**Liefde beteken die rasonele, doelbewuste aanvaarding van verantwoordelikheid vir die ander mens.**

### Liefde erken menslike waarde

Elke individu het oneindige waarde. Die feit dat Jesus die menslike natuur aange- neem het, dui op die onmeetlike waarde van elke mens. Daarom moet elke mens as 'n persoon hanteer word en nie as 'n instrument of 'n ding nie. Die waarde van die mens word ook afgelei uit Skrifgedeeltes waar Jesus noem dat elke haar van jou hoof getel is en dat die mens meer waarde het as baie mossies (Luk. 12:7). Dit blyk ook uit gelykenisse soos die verlore muntstuk, die verlore skaap en die verlore seun. Hierdie waarheid word verder gekonkludeer uit die voorbeeld van Jesus se respekvolle interaksie met verskillende kategorieë mense soos Nikodemus (Joodse regeerder), Saggeus (belastingampenaar), die sondige vrou wat sy voete gesalf het (Luk. 7:37) en die kindertjies.

### Liefde erken menslike reg

Elke mens het basiese menseregte wat te alle tye gerespekteer moet word. Alhoewel Jesus nie die terme *reg en geregtigheid* gereeld gebruik het nie, was die konsep fundamenteel in sy denke (Matt. 6:33; 23:23). Wanneer Jesus daarop wys dat "jy jou naaste moet liefhê soos jouself", het Hy 'n handelswyse vasgestel waarop my naaste 'n reg (aanspraak) het, of in handelswyse wat aan 'n ander verskuldig is (Rom. 13:8).

### Liefde erken menslike eenheid

Die mensdom vorm 'n eenheid. Die verskille wat tussen mense bestaan (ras, klas, kultuur, opvoeding, ens.) het slegs sekondêre betekenis. Dit word afgelei uit die feit dat Jesus alle mense liefhet en nie-diskriminerend optree (Matt. 5:45). In die wet het *naaste* die betekenis gehad van die eie volk (Jood). Die Fariseërs het geweier om enigiets te doen te hê met die heidense mense en het gemeen dat kontak met sulke mense hulle onrein en onaanvaarbaar vir God sal maak. "Kan daar iets goeds uit Nasaret kom?" (Joh. 1:47). Hierteenoor het Jesus vrylik in Samaria beweeg (2 Kor. 17:24; Joh. 8:48), Tirus en Sidon besoek (Matt. 15:21) en tyd in Sesarea-Philippi spandeer. Verder het Hy die kind van 'n Romeinse soldaat genees, en 'n Samaritaan gebruik om naasteliefde te demonstreer (Luk. 10:25-37). Om "soos julle hemelse Vader volmaak te wees" (Matt. 5:48) beteken om die mensdom as eenheid te sien, en so teenoor ander op te tree dat daar geen onderskeid tussen mense gemaak word nie.

### Materiële waardes is sekondêr tot persoonlike waardes

Hierdie etiese riglyn lei ons ook af uit die lewe van die Here Jesus. Jesus se persoonlike waardes was primêr in sy lewe en bediening. Die persoonlike grondwaarde van Jesus se lewe is dat Hy wil gee, help, red, genees en bevry. Daarom soek Hy diegene op wat nood het, hulp nodig het, onrein, siek, uitgestoot en vol sonde is. Die primêre waarde van die gelowige kan tog nie wees om ryk aan materiële dinge te wil wees nie. Alhoewel materiële dinge nie onbelangrik is nie, dra dit geen besondere waarde in die bediening van Jesus nie (Luk. 9:58). Inteendeel, die Here Jesus waarsku teen 'n oormaat materiële besit (Matt. 6:19-21, 24).

**Die persoonlike grondwaarde van Jesus se lewe is dat Hy wil gee, help, red, genees en bevry.**

### Slot

Bogenoemde liefde-gerigte-riglyne kan die gelowige begelei in die vorming van 'n standpunt oor etiese probleme. Indien hierdie riglyne as vertrekpunt geneem word, kan saamgestem word met die *Alliance of Baptists* (1999) se goedkeuring van die volgende bewoording in 'n verslag (*Report of the Task Force on Human Sexuality*) aan die kerk:

In addition, any text must be understood according to its place in the total picture of biblical revelation and, most particularly, in light of the revelation of God given in Jesus Christ. For example, interpreters may ask whether the af-

firmation of heterosexual relations in the creation stories of Genesis 1 and 2 is intended also to prohibit all same-sex relations or whether the silence on same-sex relations is merely a descriptive reflection of a world where heterosexual marriage relations were so much the norm that alternatives were not mentioned. Again, interpreters may reasonably ask whether our attitude toward Old Testament (and New Testament – ALR) condemnations of same-sex acts is affected by the priority of love in Jesus' teachings and his acceptance of women, prostitutes, tax collectors and others theretofore considered as second-class citizens or sinful outcasts.

Lagerlöf, Selma. 2010. **Nils Holgersson se wonderbaarlike reis**. Illustrasies deur Thomas Docherty. Pretoria: Protea Boekhuis. 411 p. Prys: R225,00. ISBN: 978-1-86919-377-5.

Nils Holgersson is 'n onnutsige, onmoontlike klein Sweedse seuntjie wat niks en niemand met sy poetse en kwajongstreke ontsien nie. Op 'n dag gaan hy egter te ver toe hy die kabouter by hulle huis in 'n net vang en terg. Die kabouter toor hom dat hy ook so klein soos 'n kabouter is.

Nils voel eensaam en gesels met hulle mak gansmannelike, Maarten. Toe die wildeganse eendag oor hulle vlieg op pad na Lapland vir die winter wil Maarten hulle baie graag vergesel, maar Nils klou hom vas in 'n poging om hom te keer. So beland hy en Maarten dan by Akka van Kebnekajse se swerm wildeganse.

Nils moet leer om sy gedrag te verander en om vir ander om te gee en te help waar hy kan. Op hulle reis deur Lapland leer hy die land ken en maak baie vriende oral waar hulle gaan. Emerik die ooievaar, Bataki die raaf, Grysvel die takbok, Karr die hond, Donsie die grys gans en nog talle ander diere tel uiteindelik onder sy vriende. Smirre, die slinkse jakkals, is natuurlik ook 'n faktor waarmee Nils deeglik moet rekening hou.

Nils beleef heerlike avonture, soms wel skrikwekkend, maar hy word lief vir die wildeganse. Tog verlang hy huis toe. Akka vertel aan hom die groot geheim dat hy weer 'n regte seuntjie kan word as hy aan sekere vereistes voldoen.

Sal Nils dit kan regkry en sal hy weer 'n regte seuntjie word? Kinders sal hierdie boek as voorleesboek geniet en tieners en volwassenes sal dit ook graag lees. Die Afrikaanse TV-reeks van Nils Holgersson is op DVD beskikbaar en dit sal heerlik wees om die boek te lees sowel as die DVD te kyk.

Die outeur, Selma Lagerlöf, was die eerste vroulike Nobelpryswenner vir Letterkunde. Hierdie klassieke storieboek sal 'n aanwinst op enigeen se boekrak wees.

# Good apples and bad monkey behaviour

Jean du Toit  
School of Philosophy  
Potchefstroom Campus, North-West University

**M**etaphors wield great power. Vistas of meaning may be conjured up with only a few words or with a single image. The field of business ethics utilises an interesting metaphor to describe the moral role of an employee in an organisation. The metaphor is based on a distinction between good apples and bad apples (these are the employees of an organisation), and good barrels and bad barrels (these are the organisations themselves). A person (or apple) always stands in some relationship to his/her workplace (barrel). Strange though this metaphor may seem, it gives us an original perspective on the moral role that any employee plays in an organisation.

